# HOOFSTUK 4

# EMPIRIESE ONDERSOEK EN INTERPRETASIE VAN DIE DATA

## 4.1 INLEIDING

In die vorige twee hoofstukke blyk dit uit 'n studie van relevante literatuur dat die waarde-oriëntasie van ouers 'n betekenisvolle en kragtige invloed uitoefen op die gesinsopvoeding wat deur hulle verwerklik word, meer spesifiek in terme van die opvoedingstyl van die ouers, opvoedingsinhoude en die invloed van die gesinsopvoeding op die ontwikkeling van die kind.

In die onderhawige hoofstuk word die ontwerp en uitvoering van die empiriese ondersoek beskryf, en word ook die data wat verkry is, verwerk en geïnterpreteer. Met die empiriese ondersoek is gepoog om aan die hand van 'n gestruktureerde vraelys ondersoek in te stel na die verband tussen die waarde-oriëntasie van die ouer uit 'n milieu-benadeelde omgewing en die opvoeding wat hy verwerklik ten aansien van sy voorskoolse kind, in terme van bovermelde aspekte. Benewens die vraelys is van enkele individuele onderhoude met milieu-benadeelde ouers gebruik gemaak om dieper insig te probeer bekom met betrekking tot hierdie verbande. Die uiteindelike doel met die navorsing is om, voortvloeiend hieruit, riglyne vir ouerbegeleiding in die milieu-benadeelde omgewing te formuleer.

Die empiriese ondersoek steun op relevante literatuur. Om dié rede is hoofstukke twee en drie doelmatig geskryf om inhoud en struktuur te verskaf aan die empiriese meetinstrument. Uit dié hoofstukke blyk dit dat milieu-benadeelde ouers waardes soos konformiteit aan norme, gehoorsaamheid, respek vir outoriteit, netheid en stiptelikheid nastreef in die opvoeding van hulle kinders.

Opvoedingsinhoude sentreer om hierdie waardes en tipiese opvoedingstyle word gekenmerk deur 'n beperkende en outoritêre ingesteldheid waar kinders vanaf 'n jong ouderdom leer om reëls na te kom en respek te toon vir outoriteit. Hierbenewens word die opvoedingsgedrag van die milieu-benadeelde ouer dikwels gekenmerk deur 'n gebrekkige mate van liefde en ondersteuning teenoor die kind. As 'n gevolg word die optimale ontwikkeling van die voorskoolse kind belemmer, nie alleen wat persoonlikheidsontwikkeling betref nie, maar ook ten aansien van ander fasette van ontwikkeling.

Ten einde voormelde vraagstuk konkreet in die praktyk te ondersoek, is 'n empiriese ondersoek geloods. Vervolgens word die ontwerp en uitvoering van die empiriese ondersoek uiteengesit.

## 4.2 NAVORSINGSINSTRUMENT

### 4.2.1 Keuse van 'n instrument

In die onderhawige ondersoek is hoofsaaklik van 'n gestruktureerde vraelys (kyk Bylaag A) gebruik gemaak. Weens die moontlikheid dat alle milieu-benadeelde ouers nie oor 'n toereikende vlak van geletterdheid beskik en dalk nie die vrae korrek sou verstaan nie, is besluit om van veldwerkers gebruik te maak en die vraelyste tuis of by die kleuterskool wat die voorskoolse kind bywoon, te voltooi.

Benewens die vraelys, wat hoofsaaklik kwantitatiewe inligting verskaf, is enkele individuele onderhoude tuis met ouers gevoer aan die hand van die voltooide vraelys, ten einde meer omvattende toeligtings en verduidelikings betreffende die antwoorde wat hulle op die vrae verskaf het, te verkry. Smit (1985:154) beskou die individuele onderhoud as die belangrikste metode van data-insameling in die Sielkunde en meld dat dit as rigtinggewende faktor kan dien vir ander fases van navorsing. Hierbenewens kan dit as basiese instrument gebruik

word om veranderlikes in die onderhoudskedule te meet of aanvullend wees tot ander metodes.

Vir die doeleindes van die onderhawige navorsing is onderhoudvoering met ouers ingesluit ten einde ook 'n kwalitatiewe komponent in die navorsing te vervat, ter toeligting van die kwantitatiewe inligting wat deur middel van die vraelys verkry is. Die vraelys en individuele onderhoude is afgestem op die bepaling van die aard en omvang van die verbande tussen die waarde-oriëntasie van die milieu-benadeelde ouer enersyds en sy opvoedingstyl, opvoedingsinhoude en die invloed van die gesinsopvoeding op die ontwikkeling van die voorskoolse kind andersyds.

### 4.2.2 Ontwikkeling van die vraelys

Aangesien hierdie studie gerig is op die waarde-oriëntasie van die milieu-benadeelde ouer en die gesinsopvoeding waaraan die voorskoolse kind op grond hiervan onderwerp word, was dit belangrik om eerstens vrae in te sluit wat betrekking het op die ouers se sosio-ekonomiese status. Tweedens was dit nodig om biografiese gegewens aangaande die ouers sowel as die oudste voorskoolse kind te bekom.

Verder was dit belangrik om vrae in te sluit wat betrekking het op die waarde-oriëntasie van die ouer en dit wat hy as waardes nastreef in die opvoeding van sy kind. Laastens moes vrae ingesluit word wat verband hou met die gesinsopvoeding wat verwerklik word, meer spesifiek in terme van die opvoedingstyl van die ouer, opvoedingsinhoude en die invloed van die gesinsopvoeding op die ontwikkeling van die kind. Ten aansien van die invloed van die gesinsopvoeding op die ontwikkeling van die voorskoolse kind is geen vrae ingesluit met betrekking tot persoonlikheidsontwikkeling nie, aangesien daar in dié verband gesteun word op relevante literatuur en navorsing wat reeds onderneem is na die verband tussen bepaalde opvoedingstyle wat deur ouers

verwerklik word en die ontwikkeling van persoonlikheidseienskappe by kinders, eerder as om ouers se persepsies ten aansien hiervan te probeer peil.

Gesien in die lig van die omvang en kompleksiteit van kinderlike ontwikkeling was dit nie haalbaar om 'n in-diepte-studie oor hierdie aspek te doen binne die beperkte bestek van dié studie nie. Slegs enkele vrae is derhalwe in dié verband in die vraelys ingesluit om 'n globale oorsig te verskaf. Relevante vermoedens met betrekking tot die invloed van gesinsopvoeding op die ontwikkeling van die voorskoolse kind is vir die doeleindes van die onderhawige studie onder die volgende aspekte georden:

- affektiewe ontwikkeling van die kind
- kognitiewe ontwikkeling van die kind
- sosiale ontwikkeling van die kind
- selfkonsep van die kind.

In die vraelys is hoofsaaklik van twee tipes vrae gebruik gemaak, naamlik feitelike vrae en tweedens opinie- en houdingsvrae. Feitelike vrae was daarop gerig om persoonlike besonderhede, soos biografiese gegewens en gegewens ten aansien van die sosio-ekonomiese status van die respondente, te verkry, terwyl van opinie- en houdingsvrae gebruik gemaak is om gegewens rakende die waarde-oriëntasie van die ouers, asook die onderskeie opvoedings- en ontwikkelingsaspekte van die kind te bekom (Owen, *sine anno*:6-7).

Wat vraagformate betref, is hoofsaaklik van gestruktureerde vrae (geslote vrae) gebruik gemaak, dit wil sê vrae waar die respondent 'n antwoord uit 'n lys alternatiewe antwoorde moet selekteer. Hierbenewens is egter ook van enkele ongestruktureerde vrae (oop vrae) gebruik gemaak, waar respondente hulle eie antwoorde of menings moet verskaf (Owen, *sine anno*:4).

Verskillende gestruktureerde vraagsoorte is in die vraelys gebruik. Meervoudige keusevrae is gebruik om byvoorbeeld die huwelikstatus van die ouers te bepaal, terwyl digotome vrae, wat slegs twee moontlikhede ("Ja" en "Nee") insluit, gebruik is om ouers se standpunte of menings oor bepaalde aspekte te peil. Filter- en opvolgvrae is gebruik sodat ouers byvoorbeeld 'n aanduiding kon gee van watter tipes speelgoed vir hulle kinders tuis beskikbaar is. Hierbenewens is geskaleerde vrae ingesluit waar ouers byvoorbeeld die belangrikheid van verskillende waardes op 'n vierpuntskaal moes beoordeel en hulle eie opvoedingsgedrag volgens 'n vyfpuntskaal moes beoordeel en aandui (Schnetler, 1989:41-51; Owen, *sine anno*:4-5).

Vervolgens word 'n oorsigtelike uiteensetting, asook 'n aanduiding van die verbandhoudende vrae wat onder elkeen van die geïdentifiseerde relevante aspekte ingesluit is, verskaf.

#### 4.2.2.1 Biografiese gegewens

Weens die feit dat enkele geselekteerde ouers weer gekontak sou word vir 'n tweede gespreksgeleentheid en individuele onderhoud, is identifiserende besonderhede (naam, adres en telefoonnommers) by die vraelys ingesluit. Ouers is egter deurgaans daarvan verseker dat hierdie besonderhede nêrens vermeld sou word nie, ter wille van anonimiteit.

Bykomend tot hierdie inligting is die volgende biografiese inligting aan die hand van die vraelys ingewin:

- inligting met betrekking tot die ouer wat die vraelys beantwoord (vrae 1.1 tot 1.5)
- inligting met betrekking tot beide ouers (vrae 3.1 en 3.2)
- inligting met betrekking tot die oudste voorskoolse kind (vrae 2.1 tot 2.4).

#### 4.2.2.2 Gegewens ten aansien van die sosio-ekonomiese status van die gesin

Tabel 4.1 is gebruik om gesinne (respondente) te klassifiseer as milieu-benadeeld of deursneegesinne. Ten einde die klassifikasie te kon doen, is vrae met betrekking tot die ouers se onderwyspeil (vrae 3.1 en 3.2), beroepskategorieë (vrae 3.1 en 3.2) en woonmilieu (vrae 4.1, 4.2 en 4.4) by die vraelys ingesluit. Op dié wyse is die ouers se sosio-ekonomiese status deur hulle beroepe, opvoedkundige kwalifikasies en die woonmilieu waarin die kleuter opgevoed word, bepaal.

Hierdie skaal vir klassifikasie van gesinne as milieu-benadeeld of deursneegesinne is deur Sheffer (1972) ontwikkel en word sedertdien dikwels as klassifikasie-skaal gebruik wanneer navorsing gedoen word. Op grond van die talle veranderinge wat die afgelope aantal dekades kenmerk, onder andere die groter mate van klem wat geplaas word op gesinsbeplanning en kleiner gesinne, met daarmee gepaardgaande voorligting wat verskaf word aan persone uit alle sosio-ekonomiese groeperinge, is die kriteria soos dit gestel is in die oorspronklike skaal aangepas vir die onderhawige studie. Weens bovermelde rede, asook op grond van die waarskynlikheid dat alle ouers, ook dié in milieu-benadeelde gemeenskappe, deesdae aan groter ekonomiese eise moet voldoen, het dit uit die voltooide vraelyste geblyk dat milieu-benadeelde ouers in die huidige omstandighede geneig is om minder kinders te hê as wat in die verlede die geval was. Dit het die implikasie dat daar minder persone in die deursnee milieu-benadeelde woning woon en minder vertrekke gebruik word om in te slaap (woonmilieu).

By nadere deurskouing van die ander twee kriteria blyk die milieu-benadeelde gesin van vandag egter steeds aan die voorspelde kriteria te voldoen. Op grond van hierdie redes en gebaseer op waarneming deur die ondersoeker en veldwerkers dat die respondente wel milieu-benadeeld is, is besluit om wel van

dié skaal as instrument vir klassifikasie gebruik te maak, maar die skaal aan te pas. Waar die oorspronklike skaal 'n totale punt van drie tot tien gestel het as kriterium vir milieu-benadeeldheid, is 'n totale punt van drie tot twaalf gebruik vir die onderhawige studie, ten einde voorsiening te maak vir die moderne tendens van minder kinders (minder persone in die woning) en minder vertrekke wat gebruik word om in te slaap.

**TABEL 4.1** : Klassifikasie-skaal vir gesinne (Vergelyk Dicker, 1993:113; Snyman 1990:76; Niehaus, 1988:114)

<table>
<tr><th rowspan="3"></th><th rowspan="3">KRITERIUM VIR SOSIO-EKONOMIESE STATUS</th><th colspan="3">TOEKENNING VAN PUNTE</th></tr>
<tr><th colspan="2">PUNTE TOV KRITERIUM</th><th rowspan="2">MAKSIMUM MOONTLIKE PUNT VIR GESIN (OUER MET HOOGSTE PUNT)</th></tr>
<tr><th>MBT VADER</th><th>MBT MOEDER</th></tr>
<tr><td rowspan="4">BEROEP-STATUS</td><td>Ekonomies onaktief (werkloos, huisvrou, pensioenaris)</td><td>0</td><td>0</td><td rowspan="4">3</td></tr>
<tr><td>Ongeskoolde beroepe, operateurs en halfgeskoolde beroepe, persoonlike en huishoudelike diensberoepe, boere en tuiniers</td><td>1</td><td>1</td></tr>
<tr><td>Opgeleide buiteberoepe, geskoolde ambagsmanne, verkoopsberoepe, klerklike beroepe</td><td>2</td><td>2</td></tr>
<tr><td>Administratiewe beroepe, professionele of semi-professionele beroepe</td><td>3</td><td>3</td></tr>
<tr><td>ONDER-WYSPEIL</td><td>Geen skoolopleiding<br>St 7 of laer<br>St 8 tot matriek<br>Naskoolse opleiding</td><td>0<br>1<br>2<br>3</td><td>0<br>1<br>2<br>3</td><td>3</td></tr>
<tr><td rowspan="3">WOON-MILIEU</td><td>Hoeveelheid vertrekke in die huis:<br>- Minder as 4<br>- 4 tot 5<br>- Meer as 6</td><td colspan="2">1<br>2<br>3</td><td rowspan="3">9</td></tr>
<tr><td>Hoeveelheid persone woonagtig in die huis:<br>- 8 of meer<br>- 6 tot 7<br>- 5 of minder</td><td colspan="2">1<br>2<br>3</td></tr>
<tr><td>Hoeveelheid vertrekke waarin geslaap word:<br>- 1<br>- 2 tot 3<br>- 4 of meer</td><td colspan="2">1<br>2<br>3</td></tr>
<tr><td colspan="4">TOTALE PUNT</td><td></td></tr>
</table>


| | |
|---|---|
| 'n Milieu-benadeeld geklassifiseerde gesin | Totale punt van 3 tot 12 |
| 'n Deursnee-geklassifiseerde gesin | Totale punt van 13 tot 15 |

Voltooide vraelyste is geklassifiseer as dié van milieu-benadeelde gesinne en dié van deursneegesinne, aan die hand van Tabel 4.1 en volgens die hoogste punt behaal, hetsy deur die vader of die moeder. Die verdeling is soos volg:

- 40 (66,67%) milieu-benadeeld geklassifiseerde gesinne
- 20 (33,33%) deursnee-geklassifiseerde gesinne.

Figuur 4.1 verskaf 'n skematiese voorstelling met betrekking tot die onderhawige gesinsklassifikasie.

**FIGUUR 4.1** : Skematiese voorstelling van gesinsklassifikasie




#### 4.2.2.3 Inligting ten aansien van die waarde-oriëntasies van die ouers

Hierdie afdeling omsluit twee fasette, naamlik die waardes wat die ouers in hulle persoonlike lewens as belangrik beskou (primêr hulle waarde-oriëntasies), maar ook die waardes wat hulle vir hulle kinders as belangrik beskou (in der waarheid die opvoedingsinhoude wat hulle tydens die opvoeding van hulle kinders verwerklik, maar wat onlosmaaklik deel vorm van hulle eie waarde-oriëntasies). Vrae 5.1 (waardes wat ouers in hulle eie lewens as belangrik ag) en 5.2 (waardes wat ouers as belangrik beskou vir hulle voorskoolse kind) is in dié verband in die vraelys ingesluit.

### 4.2.2.4 Inligting ten aansien van die onderskeie opvoedings- en ontwikkelingsaspekte

Gebaseer op die literatuur waarna in Hoofstukke 2 en 3 verwys is, is bepaalde vermoedens gestel wat as basis gedien het vir die opstel van die vraelys. 'n Beknopte uiteensetting word vervolgens gebied met betrekking tot die kriteria en vrae wat onder die onderskeie opvoedings- en ontwikkelingsaspekte ingesluit is.

#### *4.2.2.4.1 Opvoedingstyl van die ouer*

Identifikasie van die opvoedingstyl van die milieu-benadeelde ouer word gebaseer op die mate van liefde en warmte wat hy teenoor sy kind openbaar, sowel as die mate waarin hy dominant/toegeeflik is teenoor sy kind. Ten einde die opvoedingstyl van die respondente te peil, is 'n aantal vermoedens met betrekking tot opvoedingsgedrag in vraag 6.1 vervat, waarvolgens die respondente (ouers) dan hulle eie gedrag moes beoordeel. Hierbenewens is ander vrae (vrae 6.2 tot 6.5) betreffende opvoedingsgedrag ingesluit, onder andere oop vrae waarvan die response op kwalitatiewe wyse ontleed kan word.

#### *4.2.2.4.2 Opvoedingsinhoude*

Soos reeds vermeld, hou die opvoedingsinhoude wat deur ouers verwerklik word verband met hulle persoonlike waarde-oriëntasies. Vrae na die waardes wat ouers in die lewens van hulle kinders as belangrik beskou (vraag 5.2) dek hierdie aspek.

#### *4.2.2.4.3 Affektiewe ontwikkeling van die voorskoolse kind*

Affektiewe stabiliteit en veiligheidsbelewing by die voorskoolse kind, wat optimale affektiewe ontwikkeling moontlik maak, word deur 'n wye verskeidenheid

belewinge beïnvloed. In dié verband is vrae wat verband hou met die volgende aspekte in die vraelys ingesluit:

- ouerlike betrokkenheid (vrae 7.1 tot 7.3)
- affektiewe stabiliteit (vraag 7.4)
- emosionele onafhanklikheid (vrae 9.2 en 9.3).

#### *4.2.2.4.4 Kognitiewe ontwikkeling van die voorskoolse kind*

Dit is 'n bekende feit dat kognitiewe ontwikkeling deur gerigte stimulasie bevorder kan word. Hierbenewens is 'n wye verskeidenheid skoolgereedmakende ervaringe belangrik vir die voorskoolse kind se suksesvolle toetrede tot die formele skoolsituasie. Vrae met betrekking tot die volgende aspekte is in die vraelys ingesluit in dié verband:

- stimulasie van die voorskoolse kind se intellektuele ontwikkeling (vrae 8.1 tot 8.3)
- leesgereedmaking van die voorskoolse kind (vrae 8.1, 8.2, 8.4 en 8.5)
- bevordering van probleemoplossingsvaardighede en kreatiewe denke (vraag 8.6).

#### *4.2.2.4.5 Sosiale ontwikkeling van die voorskoolse kind*

Dit is belangrik dat die voorskoolse kind begelei word om eventueel sosiaal aanvaarbare gedrag te openbaar, nie net tuis nie maar ook by die skool en in die openbaar. In dié verband is vrae met betrekking tot die volgende aspekte in die vraelys ingesluit:

- sosialiseringsvermoë en kommunikasievaardighede (vrae 9.1, 9.2 en 9.3)
- sosiale aanpasbaarheid en onafhanklikheid binne groepsverband (vrae 9.2 en 9.3)

- die geneigdheid om in groepsverband leiding te neem (inisiatief) of ander na te volg (konformering) (vraag 9.4).

#### *4.2.2.4.6 Selfkonsep van die voorskoolse kind*

Die vorming van 'n positiewe selfkonsep is belangrik vir optimale ontwikkeling en funksionering van die voorskoolse kind. Met betrekking tot hierdie faset van ontwikkeling is die volgende aspekte in die vraelys gedek:

- die fisieke self (vraag 10.1)
- die intellektuele self (vraag 10.1)
- die persoonlike self (selfvertroue) (vrae 10.1, 10.2 en 10.3).

#### *4.2.2.4.7 Algemeen*

Opvolgvrae is soms aan die respondente gestel ten einde antwoorde anders as dié wat as opsies verskaf is, asook moontlike redes en/of motiverings vir hulle antwoorde te verkry, indien dit nie in die vraelys voorgekom het nie. Kyk in dié verband vrae 7.3, 8.3, 9.3 en 10.4.

Hierbenewens is drie oop vrae (vrae 6.4, 6.5 en 7.2) ingesluit om aan ouers die geleentheid te bied om hulle eie opvoedingsgedrag, moontlike aspekte van hulle opvoedingsgedrag wat hulle graag sal wil verander, asook die aktiwiteite wat hulle saam met hulle voorskoolse kind beoefen, te beskryf. By hierdie vrae is dit derhalwe moontlik om kwalitatiewe afleidings te maak.

## 4.3 EMPIRIESE ONDERSOEK

### 4.3.1 Lokalisering van die ondersoekgroep

Vir die doel van die onderhawige ondersoek is die universum gedefinieer as **ouers van kinders in kleuterskole in 'n milieu-benadeelde omgewing in Pretoria.**

Alhoewel twee kleuterskole aanvanklik geïdentifiseer en betrek is by die ondersoek, is 'n derde kleuterskool later betrek weens die swak reaksie van ouers verbonde aan die eerste twee kleuterskole. Daar is besluit om 60 (N=60) gesinne by die ondersoek te betrek.

### 4.3.2 Verloop van die empiriese ondersoek

In die ondersoek is van gerieflikheidsteekproefneming gebruik gemaak. Die ondersoeker het die skoolhoofde van twee kleuterskole genader (kyk Bylaag B) en toestemming verkry om die ouers van kinders in die kleuterskole by die ondersoek te betrek. 'n Skrywe is aan die ouers gerig (kyk Bylaag C), waarin hulle kortliks meegedeel is wat die navorsing behels en waarin hulle versoek is om deel te hê aan die ondersoek. Hierbenewens is 'n naamlys van alle ouers met hulle adresse en telefoonnommers van die skool verkry, ten einde ouers wat nie op die aanvanklike skrywe gereageer het nie, te kon kontak. Weens die swak reaksie van ouers op die skrywe wat aan hulle gestuur is, is 'n derde kleuterskool later betrek by wyse van dieselfde prosedure.

'n Loodsondersoek is deur die ondersoeker gedoen, waarby vyf gesinne betrek en tuis besoek is ten einde die vraelys te voltooi. Die doel met die loodsondersoek was om vas te stel of die vrae in die vraelys maklik verstaanbaar is en of daar enige probleme of onduidelikhede ten aansien van die vrae soos

vervat in die vraelys bestaan. Geen probleme is geïdentifiseer nie, wat daartoe gelei het dat geen wysigings aan die vraelys aangebring is nie.

Drie universiteitstudente wat reeds Opvoedkunde as vak geslaag het, is as veldwerkers gewerf. Die ondersoeker het hulle op 1 Maart 2001, aan die hand van die vraelys, breedvoerig ingelig oor die vrae asook die agtergrond van die vrae en doel met bepaalde vrae. Tydens hierdie geleentheid is die veldwerkers van vraelyste (elkeen 20), die briewe wat deur ouers teruggestuur is, sowel as die naamlyste en kontakbesonderhede voorsien. Die vraelyste is op 10 Maart 2001 finaal voltooi.

Nadat die voltooide vraelyste geanaliseer is, is drie ouers wat as milieu-benadeeld geklassifiseer is, geïdentifiseer om verdere individuele onderhoude mee te voer. Afsprake is met hulle gereël en die ouers is tuis besoek ten einde meer inligting en verdere toeligting te verkry met betrekking tot die antwoorde wat hulle op die vrae in die vraelys verskaf het. Onduidelikhede kon ook tydens die gespreksgeleenthede uit die weg geruim word. Die individuele onderhoude was op 19 Maart 2001 finaal afgehandel.

### 4.3.3 Dekodering, analise en interpretasie van data verkry uit die vraelys

Vervolgens word 'n beskrywing en ontleding van die empiriese data wat deur middel van die gestruktureerde vraelys ingewin is, verskaf. Eerstens word aandag geskenk aan die biografiese gegewens, gevolg deur 'n ontleding van die gegewens ten aansien van die sosio-ekonomiese status van die respondente. Hierna word aandag geskenk aan die waarde-oriëntasie van ouers en laastens word die gegewens ten aansien van die onderskeie opvoedings- en ontwikkelingsaspekte ontleed.

Alle inligting verkry uit die voltooide vraelyste is statisties verwerk met behulp van die SAS statistiese programpakket en in frekwensietabelle voorgestel. Die

statistiese verwerking van gegewens is noodsaaklik om tot gemotiveerde aanbevelings en riglyne vir ouerbegeleiding te kan kom.

In die onderstaande tabelle en figure word daar vir praktiese doeleindes en om die leesbaarheid van tabelle en figure te vergemaklik, deurgaans van die volgende afkortings gebruik gemaak:

- MB : Milieu-benadeelde gesinne
- DG : Deursneegesinne
- TG : Totale groep respondente.


Daar word gepoog om 'n omvattende beeld te verskaf ten aansien van die gegewens wat verkry is vir al drie bovermelde groepe. Hierbenewens word vergelykings getref tussen milieu-benadeelde en deursnee-geklassifiseerde respondente, indien 'n vergelyking relevant en toepaslik blyk te wees.

#### 4.3.3.1 Biografiese gegewens

Die volgende inligting is uit die biografiese gegewens verkry:

- deur wie die vraelys voltooi is
- huwelikstatus van die ouer
- ouderdomme van die ouers
- geslag van die oudste voorskoolse kind
- ouderdom van die oudste voorskoolse kind
- aantal kinders in die gesin
- posisie van die oudste voorskoolse kind in die gesin.

**FIGUUR 4.2** : Respondente deur wie die vraelys beantwoord is




Tagtig persent van die vraelyste, van beide tipes gesinne, is deur moeders beantwoord, terwyl slegs 13,3% deur vaders beantwoord is en 6,7% deur die voog in wie se toesig die voorskoolse kind tans is.

Die huwelikstatus en ouderdomme van die ouers word onderskeidelik in Tabel 4.2 en Tabel 4.3 weergegee.

**TABEL 4.2** : Huwelikstatus van ouers

| TIPE GESIN | HUWELIKSTATUS | | | | | TOTAAL |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | GETROUD | NOOIT GETROUD | WOON SAAM | GESKEI | WEDUWEE/ WEWENAAR | |
| MB | 29<br>72,5% | 2<br>5% | 2<br>5% | 6<br>15% | 1<br>2,5% | 40 |
| DG | 16<br>80% | 0<br>0% | 3<br>15% | 1<br>5% | 0<br>0% | 20 |
| TG | 45<br>75% | 2<br>3,3% | 5<br>8,3% | 7<br>11,7% | 1<br>1,7% | 60 |

**TABEL 4.3** : Ouderdomme van ouers

| TIPE GESIN | | OUDERDOMME | | | | TOTAAL |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | | 20 JAAR EN JONGER | 21 TOT 30 JAAR | 31 TOT 40 JAAR | 41 JAAR EN OUER | |
| MB | Vader/ Voog | 0<br>0% | 13<br>32,5% | 24<br>60% | 3<br>7,5% | 40 |
| | Moeder/ Voog | 1<br>2,5% | 21<br>52,5% | 15<br>37,5% | 3<br>7,5% | 40 |
| DG | Vader/ Voog | 0<br>0% | 5<br>25% | 15<br>75% | 0<br>0% | 20 |
| | Moeder/ Voog | 0<br>0% | 8<br>40% | 11<br>55% | 1<br>5% | 20 |
| TG | Vader/ Voog | 0<br>0% | 18<br>30% | 39<br>64,8% | 3<br>5,2% | 60 |
| | Moeder/ Voog | 1<br>1,7% | 29<br>48,3% | 26<br>43,4% | 4<br>6,6% | 60 |

Uit Tabel 4.2 blyk dit dat die meerderheid respondente getroud is. Die gemiddelde ouderdom van ouers/voogde wat die vraelys beantwoord het, is 30,21 jaar vir die moeders, 32,55 jaar vir die vaders en 45 jaar vir die voogde. Die ouderdomme van die moeders strek van 17 tot 44 jaar, dié van die vaders van 25 tot 43 jaar en dié van die voogde van 40 tot 57 jaar.

Vir die doeleindes van die onderhawige studie word die respondente in twee groepe verdeel ten einde 'n vergelyking te kan tref tussen ouers/voogde in 'n jonger ouderdomsgroep (jonger as 31 jaar) en ouers/voogde in 'n ouer ouderdomsgroep (31 jaar en ouer) ten aansien van bepaalde gegewens wat uit die vraelys verkry is, indien sodanige vergelyking relevant en sinvol blyk te wees.

Die verspreiding van die ouderdomme van die voorskoolse kinders ten opsigte waarvan die vraelys beantwoord is, word in Tabel 4.4 vervat.

**TABEL 4.4** : Ouderdomme van voorskoolse kinders

| TIPE GESIN | OUDERDOM VAN VOORSKOOLSE KIND | | | | TOTAAL |
|---|---|---|---|---|---|
| | 3 JAAR | 4 JAAR | 5 JAAR | 6 JAAR | |
| MB | 7<br>17,5% | 8<br>20% | 21<br>52,5% | 4<br>10% | 40 |
| DG | 2<br>10% | 8<br>40% | 7<br>35% | 3<br>15% | 20 |
| TG | 9<br>15% | 16<br>26,7% | 28<br>46,7% | 7<br>11,7% | 60 |

Uit dié inligting blyk dit dat die meerderheid voorskoolse kinders ten aansien waarvan die vraelys beantwoord is, tussen die ouderdomme 4 en 5 jaar is vir beide die milieu-benadeelde en deursneegesinne.

Wat die geslag van die oudste voorskoolse kind betref, is die volgende bevind:

- MB : 55% seuns en 45% dogters
- DG : 60% seuns en 40% dogters
- TG : 56,7% seuns en 43,3% dogters.

Die vraelys blyk dus meer ten aansien van seuns voltooi te wees. Die geslag van die voorskoolse kind word as belangrik beskou weens die rede dat die waarde-oriëntasies van ouers, hulle opvoedingsgedrag en opvoedingsinhoude soms verskil met betrekking tot die onderskeie geslagte. Dit het verder 'n implikasie ten aansien van aanbevelings en riglyne vir ouerbegeleiding.

Die aantal kinders in die gesin en die posisie van die voorskoolse kind ten opsigte waarvan die vraelys voltooi is, word in Tabel 4.5 en Tabel 4.6 onderskeidelik weergegee.

**TABEL 4.5** : Aantal kinders in die gesin

| TIPE GESIN | AANTAL KINDERS | | | | | TOTAAL |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | |
| MB | 10<br>25% | 17<br>42,5% | 7<br>17,5% | 5<br>12,5% | 1<br>2,5% | 40 |
| DG | 6<br>30% | 11<br>55% | 3<br>15% | 0<br>0% | 0<br>0% | 20 |
| TG | 16<br>26,7% | 28<br>46,7% | 10<br>16,7% | 5<br>8,3% | 1<br>1,7% | 60 |

**TABEL 4.6** : Posisie van die oudste voorskoolse kind

| TIPE GESIN | POSISIE VAN DIE OUDSTE VOORSKOOLSE KIND | | | | | TOTAAL |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | OUDSTE | 2de KIND | 3de KIND | 4de KIND | JONGSTE | |
| MB | 19<br>47,5% | 12<br>30% | 6<br>15% | 2<br>5% | 1<br>2,5% | 40 |
| DG | 10<br>50% | 7<br>35% | 3<br>15% | 0<br>0% | 0<br>0% | 20 |
| TG | 29<br>48,3% | 19<br>31,7% | 9<br>15% | 2<br>3,3% | 1<br>1,7% | 60 |

Uit Tabel 4.5 blyk dit dat respondente wat die vraelys beantwoord het minder kinders het as wat verwag word van milieu-benadeelde ouers en dat die grootste aantal gesinne uit beide groepe (milieu-benadeeld en deursnee-geklassifiseerd)

slegs uit die ouers en een of twee kinders bestaan. Daar is egter wel 'n verskil tussen die twee groepe in dié sin dat nie een van die deursnee-geklassifiseerde gesinne meer as drie kinders insluit nie, in teenstelling met milieu-benadeelde gesinne wat in enkele gevalle vier en selfs vyf kinders insluit.

Die bevinding dat die milieu-benadeelde gesinne wat in die ondersoekgroep ingesluit is, minder kinders het as wat verwag is, stem egter nie ooreen met die algemene bevinding uit die literatuur dat milieu-benadeelde gesinne gewoonlik gekenmerk word deur 'n hoë kindertal nie. 'n Moontlike verklaring hiervoor lê in die talle veranderinge wat die afgelope paar dekades kenmerk, veral ten aansien van die klem wat op gesinsbeplanning en kleiner gesinne (minder kinders) geplaas en gepropageer word. Hierdie tema is dikwels die tema van voorligtingsprogramme en dit blyk derhalwe 'n sterk moontlikheid te wees dat ouers uit milieu-benadeelde gemeenskappe hierdie boodskap gehoor, aandag daaraan geskenk het en as 'n gevolg meer geneig is om slegs een of twee kinders te hê. 'n Ander faktor is vanselfsprekend die ekonomiese las wat deur kinders op gesinne geplaas word en die hoë ekonomiese eise waaraan gesinne hedendaags blootgestel word. Dit kan ook moontlik as oorweging dien by die hedendaagse milieu-benadeelde ouer by sy besluit om minder kinders te hê.

Bovermelde vermoede kan egter nie onomwonde as geldig aanvaar word nie, aangesien die gegewens ten aansien van die aantal kinders in gesinne ook saam met die inligting wat vervat is in Tabel 4.6, beoordeel moet word. Hieruit blyk dit dat die grootste aantal kinders ten aansien waarvan die vraelys beantwoord is oudste of tweede kinders is, vir beide groepe respondente. Die moontlikheid kan derhalwe nie uitgesluit word nie dat die gesinne (spesifiek milieu-benadeelde gesinne) later wel uit meer kinders sal bestaan. Gesien in die lig van die gemiddelde ouderdomme van die respondente (soos reeds vermeld) wil dit egter tog voorkom of die hedendaagse milieu-benadeelde ouer geneig is om minder kinders te hê, in teenstelling met dit wat uit die literatuur blyk.

#### 4.3.3.2 Sosio-ekonomiese status

Vervolgens word die beroepstatus, hoogste opvoedkundige kwalifikasie en woonomstandighede van respondente weergegee.

##### *4.3.3.2.1 Beroepstatus*

Met betrekking tot beroepstatus is gesinne aan die hand van 'n koderingslys (kyk Bylaag D) volgens beroepskodes geklassifiseer. Die onderstaande tabel dui die beroepstatus van die respondente aan.

**TABEL 4.7** : Beroepstatus van ouers

| TIPE GESIN | | BEROEPSKODE | | | | | TOTAAL |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | 0 | 1 | 2 | 3 | 4 | |
| MB | Vader | 4<br>10% | 16<br>40% | 18<br>45% | 0<br>0% | 2<br>5% | 40 |
| | Moeder | 15<br>37,5% | 8<br>20% | 17<br>42,5% | 0<br>0% | 0<br>0% | 40 |
| DG | Vader | 0<br>0% | 1<br>5% | 12<br>60% | 6<br>30% | 1<br>5% | 20 |
| | Moeder | 3<br>15% | 1<br>5% | 10<br>50% | 6<br>30% | 0<br>0% | 20 |
| TG | Vader | 4<br>6,7% | 17<br>28,3% | 30<br>50% | 6<br>10% | 3<br>5% | 60 |
| | Moeder | 18<br>30% | 9<br>15% | 27<br>45% | 6<br>10% | 0<br>0% | 60 |

Hieruit blyk dit dat daar wel verskille bestaan ten aansien van die beroepe wat milieu-benadeelde ouers en deursnee-geklassifiseerde ouers beoefen. Hierbenewens is daar ook 'n verskil ten aansien van beroepe wat deur vaders en beroepe wat deur moeders beoefen word.

Die meerderheid milieu-benadeelde vaders word onder beroepskodes 2 en 1 geklassifiseer. Beroepskode 2 sluit opgeleide buiteberoepe, geskoolde ambagsberoepe, verkoopsberoepe en klerklike beroepe in, terwyl beroepskode 1 ongeskoolde beroepe, halfgeskoolde beroepe, persoonlike en huishoudelike diensberoepe, boere en tuiniers insluit. Hierbenewens is 'n klein persentasie milieu-benadeelde vaders ekonomies onaktief/werkloos (beroepskode 0). In teenstelling hiermee word die meerderheid deursnee-geklassifiseerde vaders onder beroepskode 2 geklassifiseer, met 'n substantiewe gedeelte onder beroepskode 3, wat administratiewe, professionele en semi-professionele beroepe insluit. Geen deursnee-geklassifiseerde vader is ekonomies onaktief nie (beroepskode 0). Uit dié resultate blyk dit dus dat milieu-benadeelde vaders beroepe met 'n laer status as deursnee-geklassifiseerde vaders beklee.

Wat die moeders betref, word die meerderheid milieu-benadeelde moeders onder beroepskode 2 geklassifiseer, opgevolg deur beroepskode 0. Hierteenoor word die meerderheid van die groep deursnee-geklassifiseerde moeders ook onder beroepskode 2 geklassifiseer, maar dit word opgevolg deur beroepskode 3. Waar beroepskode 0 op 'n ekonomies onaktiewe status dui, sluit beroepskode 3 administratiewe, professionele en semi-professionele beroepe in. Terwyl 'n groot gedeelte van die milieu-benadeelde moeders dus werkloos is en as huisvrouens funksioneer, is deursnee-geklassifiseerde moeders meer geneig om hoër status beroepe te beoefen. Hierdie bevinding strook met die inligting wat uit die literatuur verkry is, waarvolgens milieu-benadeelde ouers dikwels werkloos is.

'n Soortgelyke verskil is waarneembaar ten opsigte van milieu-benadeelde vaders en moeders, waar eersgenoemde groep minder geneig is tot ekonomiese onaktiwiteit (beroepskode 0). Hierbenewens blyk dit uit Tabel 4.7 dat milieu-benadeelde ouers (vaders en moeders) selde, indien ooit, professionele of semi-professionele beroepe beoefen (beroepskode 3). Dié bevinding strook weer eens met inligting wat in die literatuur beskikbaar is.

#### *4.3.3.2.2 Hoogste opvoedkundige kwalifikasie*

Die hoogste opvoedkundige kwalifikasie van albei ouers word in die onderstaande tabel weergegee.

**TABEL 4.8** : Hoogste opvoedkundige kwalifikasie van ouers

| TIPE GESIN | | OPVOEDKUNDIGE KWALIFIKASIE | | | | TOTAAL |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | | Geen skool-opleiding | Standerd 7 of laer | Standerd 8 tot 10 | Naskoolse opleiding | |
| MB | Vader | 1<br>2,5% | 4<br>10% | 32<br>80% | 3<br>7,5% | 40 |
| | Moeder | 1<br>2,5% | 5<br>12,5% | 32<br>80% | 2<br>5% | 40 |
| DG | Vader | 0<br>0% | 0<br>0% | 5<br>25% | 15<br>75% | 20 |
| | Moeder | 0<br>0% | 1<br>5% | 12<br>60% | 7<br>35% | 20 |
| TG | Vader | 1<br>1,7% | 4<br>6,6% | 37<br>61,7% | 18<br>30% | 60 |
| | Moeder | 1<br>1,7% | 6<br>10% | 44<br>73,3% | 9<br>15% | 60 |

Uit bostaande gegewens blyk dit dat die grootste aantal milieu-benadeelde moeders en vaders 'n betreklik lae onderwyspeil verteenwoordig en hoofsaaklik in die kategorie standerd 8 tot 10 val, met slegs 'n baie klein persentasie wat oor naskoolse opleiding beskik. Hierteenoor is dit opmerklik dat 'n groot gedeelte van die deursnee-geklassifiseerde ouers (spesifiek vaders) oor naskoolse opleiding beskik en 'n heelwat kleiner gedeelte slegs oor standerd 8 tot 10.

Hierdie gegewens strook met die beeld van milieu-benadeelde ouers soos uit die literatuur verkry, waarvolgens milieu-benadeelde ouers dikwels nie oor die nodige geletterdheid en opvoedkundige kwalifikasies beskik nie. Dit het weer implikasies ten aansien van die beroepe wat hierdie ouers in staat is om te beoefen en wat gewoonlik in laer kategorieë (ook ten aansien van besoldiging) val, soos ook blyk uit die gegewens vervat in Tabel 4.7. Hierbenewens het dit noodgedwonge 'n verdere impak in terme van ontoereikende voeding, kleding, behuising en mediese versorging in die gesinsituasie van die milieu-benadeelde voorskoolse kind.

#### *4.3.3.2.3 Woonomstandighede*

Ten einde die woonomstandighede van respondente te peil, is vrae ingesluit met betrekking tot die hoeveelheid vertrekke in hulle woning, die hoeveelheid persone daar woonagtig en die hoeveelheid vertrekke wat gebruik word om in te slaap. Hieruit kan bepaalde afleidings gemaak word met betrekking tot die grootte van die woning, hoe vol dit is en die omstandighede waarin die voorskoolse kind opgevoed word, byvoorbeeld ten aansien van leefruimte, speelruimte en gesinslewe. Gegewens wat in dié verband verkry is, word in Tabel 4.9 vervat.

**TABEL 4.9 : Woonomstandighede van respondente**

| TIPE GESIN | AANTAL VERTREKKE IN DIE WONING | | | AANTAL PERSONE WOONAGTIG IN DIE WONING | | | AANTAL VERTREKKE VIR SLAAP-DOELEINDES | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Minder as 4 | 4 tot 5 | 6 en meer | 8 of meer | 6 tot 7 | 5 of minder | 1 | 2 tot 3 | 4 of meer |
| MB | 1<br>2,5% | 6<br>15% | 33<br>82,5% | 3<br>7,5% | 9<br>22,5% | 28<br>70% | 1<br>2,5% | 35<br>87,5% | 4<br>10% |
| DG | 0<br>0% | 2<br>10% | 18<br>90% | 0<br>0% | 0<br>0% | 20<br>100% | 0<br>0% | 17<br>85% | 3<br>15% |
| TG | 1<br>1,7% | 8<br>13,3% | 51<br>85% | 3<br>5% | 9<br>15% | 48<br>80% | 1<br>1,7% | 52<br>86,7% | 7<br>11,7% |

Gesien in die lig van die gegewens ten opsigte van aantal kinders (verskaf in Tabel 4.5) is dit duidelik verstaanbaar waarom die meerderheid hedendaagse milieu-benadeelde gesinne, net soos deursnee-geklassifiseerde gesinne, gekenmerk word deur 'n relatief klein aantal persone wat woonagtig is in hulle woning en relatief min vertrekke wat gebruik word vir slaapdoeleindes, soos blyk uit Tabel 4.9. Hierdie tendens is egter meer sigbaar by die deursnee-groep, waar die wonings van alle gesinne slegs vyf of minder persone huisves, teenoor die milieu-benadeelde groep wat in sommige gevalle (alhoewel in die minderheid) selfs meer as agt persone huisves.

Met betrekking tot die moontlikheid van ander persone (nie-gesinslede) wat by gesinne inwoon, is die volgende bevind:

- MG : In 47,5% van die gevalle is daar wel ander persone woonagtig by die gesinne, waarvan die meeste (78,9%) ander familielede is. Vriende (15,8%) en loseerders (5,3%) woon egter ook soms by gesinne in.

- DG : Slegs in 10% van die gevalle is daar ander persone woonagtig by die gesinne en in al hierdie gevalle is dit ander familielede.


### 4.3.3.3 Waarde-oriëntasies van die respondente

Weens die omvang van en doel met die onderhawige studie word in hierdie afdeling slegs gefokus op die waarde-oriëntasies van die respondente, soos dit bevind is vir die twee aparte groepe. Daar word op die afsonderlike groepe gefokus en nie op die groep in geheel nie, ten einde makliker tot 'n vergelyking tussen milieu-benadeelde ouers en deursnee-geklassifiseerde ouers te kan kom en moontlike verbande en verskille te kan aandui. Gegewens ten aansien van die belangrikheid wat ouers (uit beide groepe) in hulle persoonlike lewens aan verskillende waardes heg, word in Figuur 4.3 en Figuur 4.4 onderskeidelik saamgevat.


Die volgende afkortings is van toepassing op beide Figure 4.3 en 4.4:

G : Gehoorsaamheid
KN : Konformiteit aan norme
RO : Respek vir outoriteit
S : Stiptelikheid
K : Kreatiwiteit
Sp : Spontaneïteit
L : Leierskap
I : Inisiatief
Sa : Samewerking
Id : Individualisme
P : Pligsgetrouheid
N : Netheid
A : Ambisie
W : Weetgierigheid
GG : Goedgemanierdheid
H : Hoflikheid

**FIGUUR 4.3** : Waarde-oriëntasies van milieu-benadeeld geklassifiseerde respondente




**FIGUUR 4.4** : Waarde-oriëntasies van deursnee-geklassifiseerde respondente




Uit bogenoemde gegewens blyk dit dat ouers uit albei groepe bykans al die geïdentifiseerde waardes as belangrik of baie belangrik beskou. Ten einde 'n

vergelyking te kan tref, word die kategorieë "Belangrik" en "Baie belangrik" hoofsaaklik ontleed en met mekaar vergelyk.

Dit blyk dat die milieu-benadeelde groep respondente die volgende waardes as die belangrikste beskou, gebaseer op die persentasie wat aan die kode "Baie belangrik" toegeken is:

- gehoorsaamheid
- goedgemanierdheid
- hoflikheid
- pligsgetrouheid
- netheid
- respek vir outoriteit.

Van die waardes wat wel deur milieu-benadeelde ouers as minder belangrik uitgesonder is, is **inisiatief**, **spontaneïteit** en **kreatiwiteit** die opmerklikste. Ten aansien van die waardes **leierskap**, **inisiatief**, **samewerking**, **individualisme** en **ambisie** was daar wel ouers uit die milieu-benadeelde groep wat aangedui het dat dit glad nie belangrik is nie. In teenstelling hiermee blyk dit dat deursnee-geklassifiseerde ouers meer klem plaas op waardes soos **spontaneïteit**, **individualisme**, **ambisie**, **weetgierigheid**, **leierskap**, **inisiatief** en **kreatiwiteit**, as wat milieu-benadeelde ouers daarop plaas.

Dié bevindinge, spesifiek ten aansien van milieu-benadeelde ouers, stem grootliks ooreen met dit wat uit die literatuur verkry word. Die tendens dat ouers bykans alle waardes as belangrik of baie belangrik gemerk het, dui moontlik daarop dat hulle weet al hierdie waardes is belangrik. 'n Onderskeid ten aansien van die graad van belangrikheid dui egter aan watter waardes belangriker as ander geag word.

Uit 'n vergelyking van ouers jonger as 31 jaar met ouers 31 jaar en ouer betreffende die groep as geheel (milieu-benadeeld en deursnee-geklassifiseerd),

blyk dit dat albei ouderdomsgroepe bykans dieselfde belangrikheid aan die onderskeie waardes toeken. Uit 'n ontleding van die data blyk dit dat slegs enkele verskille voorkom ten aansien van die volgende:

- **Konformiteit aan norme:** Die meerderheid jonger ouers (jonger as 31 jaar) beskou hierdie waarde as belangrik (53,9%), eerder as baie belangrik (38,5%), teenoor ouer ouers (31 jaar en ouer) waar 50% van die ouers dit as baie belangrik beskou en 46,7% as belangrik. Hieruit blyk dit dat ouers in die ouer ouderdomsgroep groter klem plaas op **konformiteit** as waarde in hul persoonlike lewe.

- **Leierskap:** By die jonger ouderdomsgroep dui ewe veel ouers leierskap as belangrik (42,3%) en as baie belangrik (42,3%) aan. Die meerderheid ouer ouers beskou leierskap egter slegs as belangrik (63,3%), teenoor 20% ouer ouers wat dit as baie belangrik beskou. Dit wil dus voorkom of ouers uit die jonger ouderdomsgroep meer waarde aan **leierskap** heg as ouers uit die ouer ouderdomsgroep.

- **Ambisie:** Ouers uit die jonger ouderdomsgroep blyk **ambisie** as waarde hoër te ag as ouers uit die ouer ouderdomsgroep. Die meerderheid jonger ouers beskou dit as baie belangrik (53,9%), teenoor 34,6% wat dit as belangrik beskou. By ouer ouers beskou 50% van die ouers ambisie as belangrik, teenoor 43,3% wat dit as baie belangrik beskou.

- **Goedgemanierdheid:** Alhoewel die meerderheid ouers uit beide ouderdomsgroepe **goedgemanierdheid** as baie belangrik beskou, blyk ouers uit die ouer ouderdomsgroep dit selfs as meer belangrik te ag as jonger ouers. Van die ouer groep beskou 86,7% dié waarde as baie belangrik, terwyl 76,9% uit die jonger groep dit as baie belangrik beskou.

- **Hoflikheid:** Net soos in die geval van **goedgemanierdheid** blyk ouers uit die ouer ouderdomsgroep groter waarde aan **hoflikheid** te heg, waar 86,7% van dié ouers dit as baie belangrik beskou, terwyl slegs 73% van die jonger ouers dit as baie belangrik beskou.


### 4.3.3.4 Opvoeding van die voorskoolse kind

Vervolgens word die gegewens, wat met die ouer se opvoedingstyl verband hou, verwerk en geïnterpreteer:

#### *4.3.3.4.1 Opvoedingstyle van die respondente*


Gegewens oor die respondente se persepsies met betrekking tot die mate van liefde en warmte wat hulle teenoor hulle voorskoolse kinders betoon, word in Figuur 4.5 vervat.

**FIGUUR 4.5** : Warmte-koudheid dimensie



Gegewens wat verkry is ten aansien van die respondente se persepsies van hulle eie opvoedingsgedrag as dominant of toegeeflik, word in Figuur 4.6 saamgevat.

**FIGUUR 4.6** : Dominansie-toegeeflikheid dimensie




Gebaseer op die literatuurstudie in Hoofstukke 2 en 3 is die vermoede geformuleer dat milieu-benadeelde ouers geneig is om eerder dominant as toegeeflik te wees en dikwels nie voldoende warmte en liefde teenoor hulle kinders betoon nie. Die gegewens soos vervat in Figuur 4.6 bevestig die eerste vermoede, indien slegs gelet word op die persentasie milieu-benadeelde respondente wat hulself as effens dominant (27%) en baie dominant (18%) beskou teenoor dié wat hulself as effens toegeeflik (8%) en baie toegeeflik (5%) beleef. Vir die doeleindes van hierdie vergelyking word die ouers wat hulself as nie oormatig streng of oormatig toegeeflik beleef nie (neutraal) derhalwe buite rekening gelaat. Indien die milieu-benadeelde ouers vergelyk word met die deursnee-geklassifiseerde ouers blyk dit dat dieselfde bevinding hier geld ten aansien van die verhouding dominansie tot toegeeflikheid, met die verskil dat laasgenoemde groep ouers selfs geneig is om hulself as nog meer dominant te beleef.

Met betrekking tot die dimensie warmte teenoor koudheid stem die gegewens soos vervat in Figuur 4.5 nie ooreen met dit wat uit die literatuur blyk nie. Volgens die resultate van die onderhawige ondersoek blyk die meerderheid (72%) milieu-benadeelde ouers hulself as baie warm en liefdevol teenoor hulle kinders te beleef, met slegs 'n klein persentasie (totaal 8%) wat hulself as koud en afsydig beskou. Hierteenoor blyk dit uit die literatuur dat milieu-benadeelde ouers dikwels geneig is om nie genoegsaam warmte en liefde teenoor hulle kinders te betoon nie.

Dit is egter insiggewend dat daar wel ouers uit die milieu-benadeelde groep is wat hulself as koud en afsydig beleef, teenoor die deursnee-geklassifiseerde groep waar geen respondente hulself op dié wyse beleef nie en alle respondente hulself as liefdevol (90%) of nie oormatig warm of koud nie (neutraal, 10%) beskou. Hierbenewens beskou 'n groter persentasie van die deursnee-geklassifiseerde ouers hulself as baie warm en liefdevol (90%), as wat die geval is by milieu-benadeelde ouers (72%). Die moontlikheid kan nie uitgesluit word nie dat respondente bloot gepoog het om die sogenaamde "korrekte" respons te verskaf en die ondersoeker te beïndruk, of dat hulle oor wanpersepsies betreffende hulle eie opvoedingsgedrag beskik. Enige van hierdie twee waarskynlikhede bied 'n moontlike verklaring vir die skynbare diskrepansie ten aansien van die inligting wat uit die onderhawige navorsing verkry is en dit wat uit die literatuur blyk. Hierbenewens kan dit die opvoedingsgedrag wees wat hulle as ideaal stel en nastreef.

Die gegewens soos vervat in Figure 4.5 en 4.6 stem ooreen met die inligting wat uit vrae 6.4 en 6.5 verkry is, waar oop vrae aan die respondente gestel is betreffende hulle persepsies van hulself as opvoeders en dit wat hulle met betrekking tot hulle opvoedingsgedrag sal wil verander.

In reaksie op die vraag na hulle persepsies van hulself as opvoeders is die belangrikste inligting wat verkry is ten aansien van die milieu-benadeeld geklassifiseerde respondente die volgende:

- 42,5% van die respondente beskou hulle eie opvoedingsgedrag in 'n positiewe lig en as aanvaarbaar
- 37,5% van die respondente beskou hulself as oormatig streng en ongeduldig teenoor hulle kinders
- 27,5% van die respondente beskou hulself as liefdevol en dat hulle baie aandag en hulp aan hulle kinders skenk
- 20% van die respondente beskou die voorbereiding van hulle kinders vir 'n beter toekoms en 'n beter lewe as hulle primêre opvoedingstaak
- 7,5% van die respondente beskou die voorleef en oordra van vaste waardes en norme aan hulle kinders as hulle primêre opvoedingstaak.

Ten aansien van bovermelde is dit opvallend dat 'n groter persentasie milieu-benadeelde ouers hul opvoedingsgedrag eerder in terme van die dominansie-dimensie beoordeel as in terme van die warmte-dimensie. Dit bied 'n aanduiding van die hoë waarde wat milieu-benadeelde ouers aan dissipline en gehoorsaamheid heg, by implikasie bied dit 'n aanduiding van waar die klem in hulle waarde-oriëntasies val.

Met betrekking tot die vraag na moontlike aspekte of fasette van hulle eie opvoedingsgedrag wat die respondente graag sal wil verander, is die volgende ten opsigte van die milieu-benadeeld geklassifiseerde respondente opvallend:


- 35% van die respondente wil graag meer verdraagsaam en geduldig teenoor hulle kinders wees en derhalwe minder streng optree
- 32,5% van die respondente wil graag meer tyd saam met hulle kinders spandeer en meer aandag en liefde aan hulle betoon

- 22,5% van die respondente is tevrede met hulle eie opvoedingsgedrag en wil niks verander nie
- 15% van die respondente wil meer konsekwent en streng optree met betrekking tot dissipline.


Hierdie inligting stem nie slegs ooreen met die inligting wat na aanleiding van die voorafgaande vraag verkry is nie, maar dui aan dat 'n hoë persentasie van milieu-benadeelde ouers hulself tog nie as voldoende liefdevol en warm beleef nie en dat hulle slegs daarna streef om toereikend warm en liefdevol teenoor hulle kinders te wees. Dit stem dus inderwaarheid ooreen met dit wat in die literatuur gevind is, ten spyte van die skynbare diskrepansie soos vroeër aangedui.

Bovermelde word verder bevestig deur die gegewens wat verkry is uit die response op vraag 6.1, waar ouers hulle eie opvoedingsgedrag en die frekwensie waarteen hulle bepaalde handelinge uitvoer, moes evalueer. Aangesien hierdie vraag betrekking het op die onderskeie opvoedingstyle wat ouers kan verwerklik, word die resultate van slegs enkele vrae vervolgens as voorbeelde van die onderskeie opvoedingstyle, in terme van die twee hoof-dimensies (basisvorme van opvoeding) aangebied. Dit word slegs ten aansien van die milieu-benadeeld geklassifiseerde groep respondente gedoen (Figure 4.7 tot 4.10).


**FIGUUR 4.7 : Warm opvoeding**





**FIGUUR 4.8 : Koue opvoeding**



**FIGUUR 4.9** : Dominante opvoeding




**FIGUUR 4.10** : Toegeeflike opvoeding




Uit 'n vergelyking van die data ten aansien van die twee ouderdomsgroepe (jonger as 31 jaar teenoor 31 jaar en ouer) wil dit voorkom of jonger ouers in 'n groter mate liefde en warmte teenoor hulle kinders betoon en meer dikwels dinge saam met hulle kinders doen. Met betrekking tot die dominansie-dimensie blyk daar egter nie werklik betekenisvolle verskille te wees tussen die ouderdomsgroepe nie, aangesien beide groepe streng optree en hulle kinders straf wanneer nodig. Jonger ouers blyk egter meer geneig te wees om 'n verduideliking te verskaf wanneer hulle hul kinders straf en hulle kinders meer dikwels die geleentheid te gee om te verduidelik waarom hulle bepaalde gedrag openbaar het, alvorens hulle gestraf word. Dit dui op 'n sterk moontlikheid dat die jonger geslag milieu-benadeelde ouers meer liefdevol en warm is teenoor hulle kinders as ouer milieu-benadeelde ouers, waarskynlik op grond van ouerbegeleiding en 'n groter bewustheid van die belangrikheid van liefde en warmte vir die kind (byvoorbeeld verkry uit voorligtingsprogramme).

#### *4.3.3.4.2 Opvoedingsinhoude*

Die opvoedingsinhoude wat ouers in hulle opvoeding verwerklik, stem gewoonlik ooreen met hulle persoonlike waarde-oriëntasies. Gegewens wat uit die onderhawige ondersoek verkry is bevestig hierdie stelling, aangesien die response op vrae na die mate van belangrikheid wat ouers aan bepaalde waardes toeken vir hulle persoonlike lewens (vraag 5.1) grootliks ooreenstem met die mate van belangrikheid wat hulle aan waardes in die lewens van hulle voorskoolse kinders toeken (vraag 5.2). Gegewens met betrekking tot die mate van belangrikheid wat milieu-benadeelde respondente aan bepaalde waardes toeken ten aansien van die opvoeding van hulle kinders word in Figuur 4.11 verskaf. Die volgende afkortings is van toepassing:

G : Gehoorsaamheid
KN : Konformiteit aan norme
RO : Respek vir outoriteit
S : Stiptelikheid
K : Kreatiwiteit/Inisiatief
Sa : Samewerking
Id : Individualisme
P : Pligsgetrouheid
N : Netheid/Skoonheid
A : Ambisie
W : Weetgierigheid
GG : Goedgemanierdheid
H : Hoflikheid
O : Onafhanklikheid
V : Verantwoordelikheid

**FIGUUR 4.11** : Belangrikheid van waardes ten aansien van die milieu-benadeelde voorskoolse kind




By nadere deurskoue van Figuur 4.11, tesame met Figuur 4.3 (waarde-oriëntasies van die milieu-benadeeld geklassifiseerde respondente), blyk die verband tussen die waarde-oriëntasie van die milieu-benadeelde ouer en dit wat hy as waardes by sy kinders nastreef, duidelik. Dit is weer aanduidend en rigtinggewend ten aansien van opvoedingsinhoude, wat op die waarde-oriëntasie van die ouer gebaseer is.

Uit 'n vergelyking van die data ten aansien van ouers jonger as 31 jaar met ouers 31 jaar en ouer blyk dit dat ouer ouers meer waarde heg aan die waardes **samewerking met ander** en **onafhanklikheid**, aangesien 'n hoër persentasie van ouers uit die ouer ouderdomsgroep dit as baie belangrik beskou as dié uit die jonger ouderdomsgroep. Jonger ouers blyk **ambisie** belangriker te ag as ouers uit die ouer ouderdomsgroep. Hierdie bevinding strook met die bevindinge ten aansien van die waarde-oriëntasies van die onderskeie ouderdomsgroepe, soos reeds weergegee.

By vergelyking van die data wat ten opsigte van milieu-benadeelde respondente verkry is met dié vir deursnee-geklassifiseerde gesinne, stem die waardes wat ouers in hulle opvoedingsgedrag nastreef ooreen met hulle persoonlike waarde-oriëntasies. Milieu-benadeelde ouers blyk meer geneig te wees as deursnee-geklassifiseerde ouers om waardes soos **goedgemanierdheid** en **netheid en skoonheid** as belangrik te beskou en na te streef. Hierteenoor ag deursnee-geklassifiseerde ouers waardes soos **ambisie**, **individualisme**, **onafhanklik-heid** en **weetgierigheid** meer belangrik as wat milieu-benadeelde ouers dit ag.

### 4.3.3.5 Ontwikkeling van die voorskoolse kind

Dit is reeds herhaaldelik beklemtoon dat die opvoedingsgedrag van die ouer 'n betekenisvolle invloed uitoefen op die ontwikkeling van die kind. Ten einde hierdie invloed te ondersoek, soos dit uit die resultate van die onderhawige studie blyk, word aandag geskenk aan die onderskeie aspekte van ontwikkeling soos van belang by hierdie studie. Dié aspekte word vervolgens kortliks bespreek:

#### *4.3.3.5.1 Affektiewe ontwikkeling van die voorskoolse kind*

Die volgende inligting is verkry ten aansien van die affektiewe lewe en ontwikkeling van die milieu-benadeelde voorskoolse kind:

- hoeveel tyd die ouer (respondent) daagliks saam met sy kind spandeer (uitgesluit etes en televisie kyk)
- wat albei die ouers saam met hulle kind doen
- watter roetine gevolg word wanneer die kind bed toe gaan saans
- wat die kind se algemene emosionele gesteldheid is.

Die gegewens wat verkry is, word vervolgens in tabelle en figure weergegee.

**TABEL 4.10** : Hoeveelheid tyd wat respondente daagliks saam met hulle kinders spandeer

| TIPE GESIN | TYD SPANDEER SAAM MET VOORSKOOLSE KIND (PER DAG) | | | | | TOTAAL |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | Minder as 1 uur | 1 tot 2 ure | 2 tot 3 ure | 3 tot 4 ure | Meer as 4 ure | |
| MB | 2<br>5% | 9<br>22,5% | 13<br>32,5% | 7<br>17,5% | 9<br>22,5% | 40 |
| DG | 1<br>5% | 8<br>40% | 4<br>20% | 2<br>10% | 5<br>25% | 20 |
| TG | 3<br>5% | 17<br>28,3% | 17<br>28,3% | 9<br>15% | 14<br>23,3% | 60 |


Volgens hierdie gegewens blyk dit dat die meerderheid milieu-benadeelde ouers twee tot drie ure tyd saam met hulle voorskoolse kinders spandeer, in teenstelling met deursnee-geklassifiseerde ouers waar die oorgrote meerderheid ouers een tot twee ure daagliks saam met hulle voorskoolse kinders spandeer. ‘n Moontlike verklaring vir hierdie verskil lê in die beroepstatus van die ouers, meer spesifiek die moeders, waar ‘n groter groep milieu-benadeelde moeders nie ‘n beroep beoefen nie en derhalwe daagliks tuis beskikbaar is om tyd saam met hulle kinders deur te bring. Die vraag ontstaan egter of hierdie tyd wat saam deurgebring word ten volle benut word, of stimulerende aktiwiteite hiertydens

plaasvind en of dit 'n blote in-mekaar-se-teenwoordigheid is sonder die nodige mate van stimulasie en gerigte aktiwiteite.

Op die vraag na aktiwiteite wat die voorskoolse kind saam met sy vader, moeder en voog beoefen is uiteenlopende response ontvang. Die antwoorde is in hoofgroepe gegroepeer en die resultate word in Figure 4.12 tot 4.14 vervat. Die volgende afkortings geld deurgaans:


- GG : Geen gesamentlike aktiwiteite
- KA : Kognitief-stimulerende aktiwiteite, soos legkaart bou, stories lees, inkleur, verf, werk op rekenaar, skryf, knip en plak
- GS : Gesels en sing
- SA : Sportbeoefening en sportverwante aktiwiteite
- S : Speel
- HT : Huishoudelike take/Take in en om die huis
- U : Uitstappies, soos piekniek, visvang, bioskoop of winkels toe gaan
- GA : Geestelike aktiwiteite, soos kerk toe gaan en bid
- PA : Passiewe aktiwiteite, soos televisie kyk en radio luister

**FIGUUR 4.12 :** Aktiwiteite wat voorskoolse kinders saam met hulle vaders beoefen




UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

**FIGUUR 4.13 : Aktiwiteite wat voorskoolse kinders saam met hulle moeders beoefen**




**FIGUUR 4.14 : Aktiwiteite wat voorskoolse kinders saam met hulle voogde beoefen**




Uit hierdie gegewens blyk dit dat 'n hoë persentasie van beide milieu-benadeeld geklassifiseerde vaders en moeders dikwels met hulle kinders **speel** en hulle betrek by **huishoudelike take of take in en om die huis**. Die meerderheid milieu-benadeelde moeders (69,2%) doen **kognitief-stimulerende aktiwiteite**


saam met hulle kinders, terwyl 'n relatief hoë persentasie milieu-benadeelde vaders (30,8%) **sportverwante aktiwiteite** saam met hulle kinders beoefen.

Uit 'n vergelyking van die milieu-benadeelde groep respondente met die deursnee-geklassifiseerde groep respondente blyk dit dat laasgenoemde groep ouers meer dikwels aktiwiteite saam met hulle kinders beoefen. 'n Groot verskil tussen die twee groepe kan opgemerk word by die kategorie **uitstappies**, waar milieu-benadeelde ouers (veral vaders) baie minder geneig is om hulle kinders op uitstappies te neem (25,6%) as deursnee-geklassifiseerde ouers (vaders) (63,2%). Dit is verder opvallend dat 'n relatief hoë persentasie milieu-benadeeld geklassifiseerde vaders (20,5%) **geen aktiwiteite** saam met hulle kinders beoefen nie, terwyl daar geen deursnee-geklassifiseerde vader is wat geen aktiwiteite saam met sy kind doen nie.


Met betrekking tot voogde van milieu-benadeelde voorskoolse kinders blyk hulle hoofsaaklik met die kinders te **speel** of met hulle te **gesels**. Hierbenewens skenk hulle ook aandag aan **kognitief-stimulerende aktiwiteite** en **uitstappies**.

Verkreë gegewens met betrekking tot die roetine wat gevolg word wanneer die voorskoolse kind saans bed toe gaan, word in Figure 4.15 en 4.16 uiteengesit.

**FIGUUR 4.15** : Roetine met betrekking tot bed toe gaan



**FIGUUR 4.16** : Handelinge wat plaasvind wanneer die voorskoolse kind bed toe gaan





Uit bovermelde gegewens wil dit voorkom of voorskoolse kinders uit albei groepe (46% by milieu-benadeeld en 53% by deursnee-geklassifiseerd) saans deur hulle ouers in die bed gesit word. By die milieu-benadeelde groep is voorskoolse kinders egter meer geneig om self bed toe te gaan (39%) as wat die geval is by deursnee-geklassifiseerde kinders (21%). Hierbenewens is deursnee-geklassifiseerde ouers meer dikwels geneig om hulle voorskoolse kinders bed toe te stuur (26%) as milieu-benadeelde ouers (15%).

Dit blyk verder dat die meerderheid ouers uit albei groepe saans hulle kinders 'n **drukkie** en 'n **nagsoen** gee voordat hulle bed toe gaan. 'n Hoë persentasie ouers lees ook aan hulle kinders 'n **storie** voor. In al die voorgemelde is milieu-benadeelde ouers minder geneig tot hierdie handelinge as deursnee-geklassifiseerde ouers, maar meer geneig om met hulle kinders te gesels, te sing, televisie te kyk of saam te bid as deursnee-geklassifiseerde ouers.

Ouers se antwoorde op die vraag na die algemene emosionele gesteldheid van hulle voorskoolse kind (vraag 7.4) word vervat in Figuur 4.17, soos bevind is by die milieu-benadeeld geklassifiseerde groep respondente.

**FIGUUR 4.17** : Algemene emosionele gesteldheid van die milieu-benadeelde voorskoolse kind




Op grond van bogenoemde resultate blyk dit dat die meerderheid milieu-benadeelde kinders meestal gelukkig en opgewek is (67,5%) en dikwels met hulle ouers (92,5%) en ander gesinslede (77,5%) gesels . 'n Groot gedeelte van die kinders huil soms (72,5%) en het soms woede-uitbarstings (55%) of is stil en teruggetrokke (55%). Hierdie bevinding stem nie heeltemal ooreen met die bevindinge uit die literatuur, waarvolgens milieu-benadeelde kleuters dikwels nie gelukkig is nie, maar eerder probleme ondervind met betrekking tot hulle affektiewe lewe. Ook hier is dit 'n sterk moontlikheid dat die respondente se persepsies van hulle kinders se emosionele gesteldheid nie toereikend realisties is nie.


#### *4.3.3.5.2 Kognitiewe ontwikkeling van die voorskoolse kind*

Die volgende inligting is verkry ten aansien van die kognitiewe lewe en ontwikkeling van die milieu-benadeelde voorskoolse kind:

- beskikbaarheid van stimulerende materiaal tuis en bevordering van stimulerende aktiwiteite wat kognitiewe ontwikkeling sal bevorder
- hantering van die kindervraag en van onduidelikheid ten aansien van vreemde woorde en begrippe
- wyse van probleemoplossing.


Inligting met betrekking tot die beskikbaarheid van stimulerende leesstof in die ouerhuis, die mate waarin ouers kognitief-stimulerende aktiwiteite by die voorskoolse kind aanmoedig, asook die speelgoed wat tuis beskikbaar is vir die voorskoolse kind word in Figure 4.18 tot 4.20 saamgevat.

**FIGUUR 4.18** : Leesstof tuis beskikbaar



Uit bovermelde resultate blyk dit dat die meerderheid ouers uit albei groepe (milieu-benadeeld en deursnee-geklassifiseerd) tydskrifte, kinderboeke, hardeband-boeke en koerante tuis beskikbaar het. Uit 'n vergelyking van die twee groepe met mekaar blyk dit egter dat hierdie tendens meer opvallend is by deursnee-geklassifiseerde gesinne as by die milieu-benadeelde groepering.

**FIGUUR 4.19** : Aktiwiteite wat deur ouers aangemoedig word by die voorskoolse kind





Uit hierdie inligting blyk dit dat die meerderheid ouers uit albei groepe (milieu-benadeelde ouers effens minder as deursnee-geklassifiseerde ouers) kognitief-stimulerende aktiwiteite by hulle voorskoolse kinders aanmoedig. 'n Moontlike verklaring vir hierdie skynbaar onverwagte bevinding lê moontlik daarin dat daar oor die afgelope aantal jare gereeld ouerbegeleiding by kleuterskole verskaf word aan ouers, wat dikwels oor skoolgereedheid en die bevordering daarvan handel.

Met betrekking tot die tipe speelgoed waaroor voorskoolse kinders beskik, geld die volgende afkortings:

- K : Karretjies
- P : Poppe
- Ba : Balle
- S : Springtoue
- L : Legkaarte
- Bl : Boublokkies
- F : Fietse
- OS : Opvoedkundige speelgoed
- SS : Sportverwante speelgoed
- TR : Televisie- en/of rekenaarspeletjies


**FIGUUR 4.20** : Speelgoed tuis beskikbaar





Volgens bovermelde gegewens blyk slegs 'n baie lae persentasie (5%) kinders van beide groepe oor opvoedkundige speelgoed te beskik. Die grootste meerderheid kinders beskik egter oor **balle**, **legkaarte** en **boublokkies**, wat wel kognitief-stimulerend van aard is en ontwikkeling op dié vlak kan bevorder.

Response wat verkry is op die vrae na die beantwoording van die **kindervraag** en **verduideliking van vreemde woorde en begrippe** aan die voorskoolse kind, word in Figuur 4.21 en Figuur 4.22 vervat.

**FIGUUR 4.21 : Beantwoording van vrae**





**FIGUUR 4.22 : Verduideliking van vreemde woorde en begrippe**



Response op die vraag na die wyse waarop voorskoolse kinders gewoonlik probleme oplos, word in Figuur 4.23 uiteengesit.

**FIGUUR 4.23** : Probleemoplossing





Uit bovermelde resultate blyk dit dat die meerderheid ouers uit beide groepe meestal poog om hulle kinders se vrae te beantwoord en vreemde woorde en begrippe aan hulle te verduidelik. Hierbenewens wil dit voorkom of die meerderheid ouers (90% van die groep as geheel) probleme saam met hulle kinders oplos en aan hulle verduidelik hoe om by die oplossing te kom. Op dié wyse word kreatiewe denke en probleemoplossingsvaardighede by die kinders bevorder.

### *4.3.3.5.3 Sosiale ontwikkeling van die voorskoolse kind*

Met betrekking tot die sosiale lewe en ontwikkeling van die milieu-benadeelde voorskoolse kind is vrae ingesluit ten aansien van sy verhoudinge met ander gesinslede, sy vermoë om in 'n groepsituasie te kan aanpas en die rol wat hy gewoonlik vervul wanneer hy homself tussen leeftydgenote bevind. Ten aansien van die verhoudinge tussen die milieu-benadeelde voorskoolse kind en ander gesinslede word die inligting in Figuur 4.24 vervat, waaruit blyk dat die

meerderheid voorskoolse kinders uit albei groepe maklik met ander gesinslede oor die weg kom. Deursnee-geklassifiseerde voorskoolse kinders blyk egter 'n selfs beter verhouding met ander gesinslede te hê as milieu-benadeelde voorskoolse kinders.

**FIGUUR 4.24** : Verhoudinge met ander gesinslede




Met betrekking tot die vraag of die voorskoolse kind maklik aanpas in 'n leeftydgenotegroep, selfs in afwesigheid van die ouer, was die meerderheid respondente van mening dat hulle kind wel maklik aanpas in 'n groep. Die resultate is soos volg:

- MB : 32 (80%) van die respondente is van mening dat hulle voorskoolse kinders maklik in 'n leeftydgenotegroep aanpas, terwyl 8 (20%) van mening is dat hulle kinders nie maklik aanpas nie.

- DG : 18 (90%) van die respondente is van mening dat hulle voorskoolse kinders maklik in 'n leeftydgenotegroep aanpas, terwyl 2 (10%) van mening is dat hulle kinders nie maklik aanpas nie.


- TG : 50 (83,3%) van die respondente is van mening dat hulle voorskoolse kinders maklik in 'n leeftydgenotegroep aanpas, terwyl 10 (16,7%) van mening is dat hulle kinders nie maklik aanpas nie.

Redes wat deur respondente aangegee is vir die verskynsel dat hulle kind nie maklik in 'n leeftydgenotegroep aanpas nie, is die volgende, soos van toepassing op die totale groep respondente:

- 50% : die voorskoolse kind meng nie maklik met ander kinders nie
- 40% : die voorskoolse kind is nog té afhanklik van sy ouer/voog
- 30% : die voorskoolse kind is té skaam
- 20% : die voorskoolse kind is huiwerig om in 'n groep te speel
- 10% : die voorskoolse kind baklei dikwels met ander kinders
- 10% : die voorskoolse kind wil eers die groep leer ken
- 10% : die voorskoolse kind het emosionele probleme wat positiewe interaksie met ander belemmer.

Response met betrekking tot die rol wat die voorskoolse kind gewoonlik in 'n groepsituasie vervul, dit wil sê of hy die leiding en inisiatief neem en of hy ander leiertjies volg, word uiteengesit in Figuur 4.25.

**FIGUUR 4.25** : Rol in groepsituasies




Alhoewel hierdie gegewens nie heeltemal ooreenstem met die inligting wat in die literatuur verskaf word nie, waarvolgens kinders uit milieu-benadeelde groeperinge meer geneig is om te volg as om leiding te neem, behoort die resultate met betrekking tot die milieu-benadeelde groep respondente met dié van die deursnee-geklassifiseerde respondente vergelyk te word. Hieruit blyk dit duidelik dat milieu-benadeelde voorskoolse kinders minder geneig is om inisiatief en leiding te neem in groepsverband (50%) as wat die geval is by deursnee-geklassifiseerde kinders (60%), wat strook met die bevindinge uit die literatuur. ‘n Moontlike verklaring vir hierdie skynbare diskrepansie lê daarin dat die ouers dalk nie in staat is om ‘n ware oordeel uit te spreek in dié verband nie of in die feit dat die milieu-benadeelde kind homself voortdurend in die geselskap van ander milieu-benadeelde kinders bevind en om dié rede oor die nodige selfvertroue mag beskik om leiding te neem in die groep.

### *4.3.3.5.4 Selfkonsep van die voorskoolse kind*

Met betrekking tot die selfkonsep van die voorskoolse kind is die respondente gevra na hulle persepsies ten aansien van hoe die voorskoolse kind homself beleef. Die response op hierdie vraag word vervat in Figuur 4.26.

**FIGUUR 4.26** : Selfkonsep van die voorskoolse kind




Hieruit blyk dit dat die meerderheid ouers (in albei groepe) van mening is dat hulle kinders hulself as mooi, slim en oulik beskou. Slegs 'n klein gedeelte van die respondente is van mening dat hulle kinders hulself as maer beskou en bykans geen ouers dink dat hulle kinders hulself as vet of lomp beleef nie. Geen ouers is van mening dat hulle voorskoolse kinders hulself as dom of lelik beskou nie.

Ten aansien van die milieu-benadeelde voorskoolse kind blyk dit egter uit die literatuur dat sodanige kinders eerder geneig is om hulle eie vermoëns in twyfel te trek en derhalwe gewoonlik nie oor 'n positiewe selfkonsep beskik nie. In die lig hiervan is dit dalk wenslik om die twee groepe respondente met mekaar te vergelyk, waaruit blyk dat milieu-benadeelde ouers effens minder geneig is tot hierdie positiewe gevoelens jeens hulle kinders as ouers uit die deursnee-groep. Hierbenewens kan dit ook hier die geval wees dat die ouers se persepsies betreffende hulle kinders se selfbeeld moontlik nie realisties is nie.

Response met betrekking tot die vraag na die respondente se mening of die voorskoolse kind met selfvertroue kan optree in groepsituasies is in Figuur 4.27 vervat.

**FIGUUR 4.27** : Gedrag van die voorskoolse kind in groepsverband



Hieruit blyk dit dat die oorgrote meerderheid milieu-benadeelde ouers (80%) van mening is dat hulle voorskoolse kind met selfvertroue kan optree tussen leeftydgenote, met die frekwensie van hierdie opinie selfs hoër onder deursnee-geklassifiseerde respondente (95%).

Respondente wat van mening is dat hulle voorskoolse kind nie met selfvertroue in 'n groepsituasie kan optree nie, beskou die volgende as redes hiervoor, soos van toepassing op die totale groep respondente:

- 77,8% : die voorskoolse kind is té skaam
- 33,3% : die voorskoolse kind raak maklik selfbewus
- 11,1% : die voorskoolse kind het emosionele probleme wat sy selfvertroue inperk.

Volgens bovermelde inligting en op grond van die persepsies van die respondente blyk die meerderheid milieu-benadeelde voorskoolse kinders oor 'n positiewe selfkonsep te beskik. Hierdie bevinding strook egter nie met die bevindinge uit die literatuur nie. 'n Moontlike verklaring vir hierdie klaarblyklike diskrepansie is weer eens die feit dat die respondente moontlik nie toereikende insig het met betrekking tot die vraag na die selfkonsep van die voorskoolse kind nie. Hierbenewens bestaan die moontlikheid dat die kinders se selfkonsep binne portuurgroepverband op dieselfde vlak van ontwikkeling is, weens die milieu-benadeelde situasie waarin al hierdie kinders hulself bevind en dat ouers en voogde dit nie raaksien nie, bloot op grond van die uniformiteit van dié aspek.

### 4.3.4 Interpretasie van data verkry uit individuele onderhoude

Inligting wat uit persoonlike onderhoude met ouers verkry is, is kwalitatief geïnterpreteer ter toeligting en verdere omskrywing van die kwantitatiewe data wat uit die voltooide vraelyste verkry is. Vervolgens word die gegewens

weergegee, ideografies geïnterpreteer en verbande gelê. Dit geskied aan die hand van 'n beskrywing van drie gevallestudies.

### 4.3.4.1 Gevallestudie 1

#### *4.3.4.1.1 Algemene inligting*

Die vader (27 jaar) se opvoedingspeil is standerd 7 (graad 9) en hy is 'n binders-assistent. Die moeder (22 jaar) beskik oor 'n standerd 9-kwalifikasie (graad 11) en is 'n huisvrou. Sy was voorheen werksaam as assistent by 'n kleuterskool.

Die ouers het twee kinders, waarvan die seun ten aansien van wie die vraelys beantwoord is, 3 jaar oud is en sy sussie 1 jaar en 4 maande. Die seun is sedert die begin van die jaar (die afgelope 3 maande) in die kleuterskool en die dogter bedags tuis by haar moeder.

Die gesin woon tans in die motorhuis van die vader se ouers, maar beoog om binnekort 'n eie woning te bekom en te verhuis. Hulle het tot ongeveer ses maande gelede in hulle eie tuiste gewoon, maar weens die onaanvaarbaarheid van die woonbuurt waar die tuiste geleë is na hulle huidige woonplek verhuis.

#### *4.3.4.1.2 Waarde-oriëntasie van die ouers*

Alhoewel die ouers gehoorsaamheid en respek vir volwassenes as baie belangrik beskou, is dit vir hulle ook uiters belangrik dat hulle kinders inisiatief sal neem en hulle eie wil ontwikkel. Hulle spits hulle opvoedingsgedrag op streng dissipline toe, maar poog deurgaans om die nodige ruimte te laat vir die kinders om hulself te kan wees.

Die moeder beskou hulle belangrikste doel met die opvoeding van hulle kinders as aanmoediging en begeleiding sodat die kinders kan presteer en kan vorder en uitstyg in die lewe.

### *4.3.4.1.3 Opvoedingsgedrag van die ouers*

Die ouers ondervind tans probleme met betrekking tot dissipline. Alhoewel gehoorsaamheid en streng reëls vir hulle baie belangrik is en die moeder hulle as streng beskryf, word die implementering van reëls bemoeilik deur die vader se ouers, wat blykbaar meer toegeeflik is en dikwels dinge toelaat waarmee die ouers nie saamstem nie. Voor hulle verhuising na die vader se ouers het hulle egter streng reëls toegepas en geen probleme in dié verband ondervind nie. Die moeder is van mening dat hierdie situasie herstel sal word wanneer hulle weer 'n woning van hulle eie bekom.

Die ouers dissiplineer die kinders deur hulle aan te spreek, te raas en hulle na hulle kamers te stuur indien hulle ongehoorsaam is. Die vader straf soms deur middel van lyfstraf. Die moeder poog blykbaar altyd om te verduidelik waarom 'n bepaalde daad gestraf moet word wanneer dit gebeur. Alhoewel die kinders soms kanse vat, beskryf die moeder hulle as gehoorsaam en as kinders wat hulle maklik aan reëls onderwerp.

Die moeder bou gereeld blokkies saam met hulle kinders, speel saam met hulle met klei, bou legkaarte en lees stories voor uit boeke wat sy op 'n weeklikse basis by 'n biblioteek uitneem. Sy het ook onlangs begin om Engelse woordjies aan hulle seun te leer. Sy spandeer baie tyd saam met die kinders aangesien sy tans nie werk nie en meld dat daar 'n liefdevolle band tussen haar en hulle kinders bestaan. Sy maak van soentjies en drukkies gebruik om haar liefde aan hulle te betoon. Sy is primêr verantwoordelik vir die versorging van die kinders.

Weens die eise wat die vader se beroep aan hom stel, spandeer hy nie werklik tyd aan die kinders gedurende die week nie, maar bring wel tyd saam met hulle deur tydens naweke. Die verhouding tussen vader en seun is na die mening van die moeder gunstig en die seun help dikwels sy vader wanneer hy met motorherstelwerk doenig is. Alhoewel dit nie dikwels gebeur nie, neem die ouers die kinders van tyd tot tyd gedurende naweke na 'n park om daar te speel. Dit het in die afgelope drie maande twee keer gebeur.

Gebaseer op hierdie inligting blyk die ouers se waardes ooreen te stem met die bevindinge uit die gestruktureerde vraelys. Ten einde hierdie waardes in die opvoeding van hulle kinders te laat verwerklik, blyk die vader hoofsaaklik 'n dominante/intolerante opvoedingstyl en die moeder 'n dominante, maar tog warm opvoedingstyl te verwerklik.

### 4.3.4.2 Gevallestudie 2

#### *4.3.4.2.1 Algemene inligting*

Die vader (33 jaar) se opvoedingspeil is standerd 9 (graad 11) en hy is 'n poshanteerder. Hy werk nagdiens. Die moeder (37 jaar) beskik oor 'n standerd 9-kwalifikasie (graad 11) en is 'n huisvrou. Sy het voorheen administratiewe beroepe beoefen.

Die ouers het vier kinders, waarvan die oudste twee uit die moeder se eerste huwelik. Die dogter ten aansien van wie die vraelys beantwoord is, is die jongste kind. Sy is 6 jaar oud en het broers van 17 jaar, 15 jaar en 10 jaar. Sy is reeds agtien maande in die kleuterskool en gedurende die middae tuis by haar moeder. Alhoewel sy aanvanklik gesukkel het om maats te maak en aan te pas, beskou die moeder haar tans as goed aangepas in die skoolsituasie.

#### *4.3.4.2.2 Waarde-oriëntasie van die ouers*

Die ouers plaas baie klem op verantwoordelikheid en 'n bewussyn van wat reg en verkeerd is by hulle kinders. Indien die kinders nie die take, waarvoor hulle verantwoordelik is, nakom nie, word voorregte van hulle ontneem. Dit is verder vir die ouers belangrik dat hulle kinders die reëls in die huis nakom en die ouers ten alle tye gehoorsaam en hulle respekteer.

Benewens bogenoemde beskou die moeder ambisie as belangrik en moedig sy dit deurgaans aan by haar kinders. Volgens haar is dit belangrik dat haar kinders as volwassenes suksesvol sal wees.

#### *4.3.4.2.3 Opvoedingsgedrag van die ouers*

Die moeder spandeer baie tyd saam met die kinders. Sy neem hulle byvoorbeeld in die middae na 'n parkie, ry saam met hulle fiets en betrek hulle by huishoudelike take. Sy laat hulle nie toe om alleen uit te gaan nie weens 'n vrees dat hulle iets sal oorkom. Sy moedig aktiwiteite soos inkleur en uitknip aan by hulle dogter en lees saans vir haar stories wanneer sy gaan slaap. Sy beskryf haarself as 'n baie liefdevolle moeder en meld dat sy gereeld fisieke kontak met die kinders het, byvoorbeeld in die vorm van drukkies en soentjies.

Weens die feit dat die vader nagdiens werk, spandeer hy nie werklik tyd saam met die kinders nie. Die moeder beskryf haarself in dié verband selfs as 'n "enkelouer". Volgens die moeder het die vader egter goeie verhoudinge met die kinders, alhoewel hy dit moeilik vind om sy liefde aan hulle te betoon. Gedurende vakansietye bring die gesin wel tyd saam deur.

Elke kind het bepaalde take wat hy moet uitvoer. Indien hulle nalaat om dit te doen of ongehoorsaam is, maak die moeder hoofsaaklik van dreigemente gebruik om voorregte van hulle te ontneem. Op hierdie wyse poog sy om hulle

verantwoordelikheid te leer. Hierbenewens moedig sy voortdurend selfstandige probleemoplossing by die kinders aan, aangesien sy dit as 'n baie belangrike vaardigheid vir hulle in die hede en in die toekoms beskou.

Dit is vir die ouers baie belangrik dat die kinders die reëls wat gemaak is, nakom en gehoorsaam. Die ouers is baie streng hieroor en vereis absolute gehoorsaamheid van hulle kinders. Benewens die ontneming van voorregte, raas die ouers met die kinders en maak die vader soms van lyfstraf gebruik om hulle te dissiplineer.

Dit blyk dus dat die ouers te alle tye gehoorsaamheid nastreef. Die vader blyk 'n intolerante opvoedingstyl en die moeder 'n betrokke (warm/dominante) opvoedingstyl te verwerklik.

#### 4.3.4.3 Gevallestudie 3

##### *4.3.4.3.1 Algemene inligting*

Die vader is 26 jaar oud, met 'n opvoedingspeil van standerd 9 (graad 11). Die moeder is 17 jaar oud en beskik oor 'n standerd 7-kwalifikasie (graad 9). Beide ouers is werkloos. As 'n gevolg woon die gesin by die vader se ouers, wat dan ook as voogde optree vir hulle kind. Die vader se broer, sy vrou en hulle kind woon in dieselfde woning.

Die ouers (respondente) het een seun, wat drie jaar oud is. Hy is drie maande gelede in die kleuterskool geplaas, op grond van die grootouers se aanbeveling. Hulle was bekommerd weens die feit dat hy op daardie stadium gesukkel het met sosialisering en meestal met leeftydgenote baklei het.

Alhoewel die ouers self die opvoeding van hulle kind hanteer, tree die grootouers as voogde in wanneer nodig. Die ouers en die grootouers stem saam met betrekking tot die wyse van opvoeding en ondersteun mekaar in dié opsig.

#### *4.3.4.3.2 Waarde-oriëntasie van die ouers*

Ten aansien van die waardes wat die ouers en grootouers in hulle opvoedingstaak nastreef, stem dit met mekaar ooreen. Beide die ouers en die grootouers beskou respek vir volwassenes en absolute gehoorsaamheid as die belangrikste waardes, nie alleen in hulle eie lewens nie maar ook in die lewe van hulle kind. Volgens die ouers is absolute gehoorsaamheid belangrik, aangesien dit as noodsaaklik beskou word in hulle kind se toekomstige beroepsituasie waar hy ander moet gehoorsaam.

#### *4.3.4.3.3 Opvoedingsgedrag van die ouers*

Beide die ouers en grootouers spandeer baie tyd aan die seun. Hulle steun op fisieke kontak ten aansien van die betoning van liefde en warmte. Veral die grootouers speel graag met hom en koester hom dikwels.

Die ouers dissiplineer hul seun deur hom te waarsku, met hom te raas en hom dan na sy kamer te stuur indien hy ongehoorsaam is. Hulle maak selde van lyfstraf gebruik. Die grootouers raas hoofsaaklik met hom, maar meld dat hy meer dikwels kanse vat met hulle. Hy blyk egter aan sy ouers en grootouers gehoorsaam te wees. Alhoewel hy nog klein is, word hy reeds by huishoudelike takies betrek.

Die grootouers lê baie klem op roetine en glo dat kinders van ‘n jong ouderdom af reeds gewoond gemaak moet word aan dissipline. Die ouers ondersteun hulle in hierdie siening. Dit is vir beide die ouers en grootouers baie belangrik dat kinders reëls nakom en gehoorsaam is.

Die moeder bestee daagliks tyd daaraan om kognitief-stimulerende aktiwiteite saam met haar seun te beoefen. Sy bou saam met hom legkaarte, leer hom die name van kleure en getalle en lees aan hom stories voor. Die vader speel saam met hom bal, kyk saam met hom televisie en betrek hom wanneer hy in die motorhuis werksaam is.

Alhoewel die ouers en grootouers bekommerd is oor hulle seun se sosiale vaardighede, meld hulle dat dit reeds baie verbeter het sedert hy in die kleuterskool is. Alhoewel hy steeds skugter is in die geselskap van vreemdelinge, is hy al in staat om, nadat hy op sy gemak geplaas is, spontaan te gesels.

Die waarde-oriëntasie van die ouers en grootouers blyk dus ook in hierdie geval ooreen te stem met dit wat deur middel van die gestruktureerde vraelys bevind is. Beide die ouers en grootouers beskou respek vir meerderes en absolute gehoorsaamheid as die basis van goeie opvoeding en tree streng op om hierdie waardes by hulle kind vas te lê. Hulle betoon egter baie liefde aan hulle seun. Hierdie bevinding strook egter nie heeltemal met die bevindinge uit die literatuur nie.

### 4.3.5 Sintese

In die lig van die gegewens wat uit die gestruktureerde vraelys en die individuele onderhoude verkry is, blyk dit dat milieu-benadeelde ouers se waarde-oriëntasies om waardes soos **gehoorsaamheid**, **die nakom van reëls** en **respek vir meerderes** sentreer. Hierdie ouers is **streng** in hulle opvoedingsgedrag en **vereis absolute gehoorsaamheid** van hulle kinders. Hulle maak van verskeie dissiplinêre maatreëls gebruik ten einde gewenste gedrag by hulle kinders vas te lê en dra op dié wyse die waardes van **gehoorsaamheid**, **konformiteit** en **respek vir meerderes** aan hulle kinders oor. Inligting wat uit die individuele onderhoude met ouers verkry is, bevestig

deurgaans die bevindinge wat uit die gestruktureerde vraelys verkry is. Hierdie tendens blyk selfs meer geldig te wees met betrekking tot ouers uit 'n ouer ouderdomsgroep (31 jaar en ouer) as wat die geval is by ouers jonger as 31 jaar.

Ter stawing van bovermelde die volgende, wat uit die gegewens van die gestruktureerde vraelys blyk:

- Van die respondente wat **gehoorsaamheid** as belangrik of baie belangrik beskou, ag 91,7% die toepassing van **streng reëls** ook as belangrik of baie belangrik.

- Die meerderheid ouers wat **respek vir outoriteit** as belangrik ag, laat hulle voorskoolse kinders nie toe om hulle sin te kry nie (53,3%, teenoor 46,7% wat hulle kinders soms toelaat om hul sin te kry).

- Ouers wat **gehoorsaamheid** as belangrike waarde nastreef, is geneig om gereeld van dreigemente (60% van die respondente) gebruik te maak om hulle kinders te dissiplineer.

Ten aansien van die mate waarin ouers liefde en warmte betoon teenoor hulle kinders blyk dit, oppervlakkig beskou, of milieu-benadeelde ouers wel in 'n toereikende mate in hierdie behoefte van hulle kinders voorsien. Dit stem egter nie ooreen met die inligting wat uit die literatuur verkry is nie. By nadere ontleding van die inligting wat uit die vraelys verkry is, blyk dit egter dat milieu-benadeelde ouers wel die behoefte het om meer liefde aan hulle kinders te betoon. Moontlike verklarings vir hierdie bevindinge is dat hedendaagse ouers wel poog om meer liefde aan hulle kinders te betoon en voortdurend daarna streef, of dat hulle nie 'n realistiese beskouing van hul eie opvoedingsgedrag het nie.

## 4.4 TOETSING VAN HIPOTESE

Die hipotese, soos gestel in paragraaf 1.4 is deurgaans as uitgangspunt gebruik en kan aanvaar word op grond van die statisties geverifieerde navorsingsdata.

Die navorsingsresultate toon duidelik aan dat die waarde-oriëntasie van die milieu-benadeelde ouer 'n betekenisvolle invloed uitoefen op die gesinsopvoeding van die voorskoolse kind. Die resultate dui op duidelike verbande tussen die waarde-oriëntasie van die milieu-benadeelde ouer en die opvoedingstyl wat hy verwerklik, die opvoedingsinhoude wat hy oordra en die invloed van die opvoeding op die ontwikkeling van die kind.

Die betekenisvolle hoë persentasies ten aansien van waardes soos konformiteit, gehoorsaamheid en respek teenoor meerderes, tesame met die hoë persentasies betreffende die dominante opvoedingstyl en streng dissiplineringspraktyke van die ouer en die belangrikheid wat aan die genoemde waardes toegeken word by die voorskoolse kind, bevestig die hipotese dat die opvoedingstyl en opvoedingsinhoude van die ouer sterk verband hou met sy waarde-oriëntasie. Voortvloeiend hieruit het dié betrokke opvoedingstyle en opvoedingsinhoude 'n invloed op die ontwikkeling van die voorskoolse kind.

## 4.5 SAMEVATTING

In hierdie hoofstuk is 'n uiteensetting van die ontwerp en uitvoering van die empiriese ondersoek gebied. Hierbenewens is die gegewens wat uit die ondersoek verkry is, getabuleer, in figure voorgestel, ontleed en geïnterpreteer.

Vervolgens behels Hoofstuk 5 'n kort samevatting van die bevindinge van die ondersoek, asook enkele gevolgtrekkings, ouerbegeleidings-implikasies voortvloeiend uit die bevindinge en praktyk- en navorsingsgerigte aanbevelings.